# ERFENISMAAND
## Gids

Spesiale oordenkings en gedagtes vir elke dag oor ons geloof en erfenis gedurende die maand van September.




Algemene Sinode
www.ngkerk.org.za | info@ngkerk.org.za
012 342 0092
Klipkerkkompleks, h/v Jan Shoba en
Pretoriusstraat 1200, Hatfield, 0028

# Inhoud

Spesiale oordenkings en gedagtes vir elke dag oor ons geloof en erfenis gedurende die maand van September.


Week 1:
**Dankbaarheid vir ons Wortels**
1–6 September



04

Week 2:
**Die Kuns van Liefde & Omgee**
7–13 September



11

Week 3:
**Hoop vir die Toekoms**
14–20 September



19

Week 4:
**’n Nalatenskap vir Geslagte**
21–30 September



27

# DANKBAARHEID VIR ONS WORTELS

## Week 1

1–6 September



# Dag 1:
# Die storie wat ons vertel

**Skrif:**
Psalm 78:4
– “mag ons nie vir ons kinders wegsteek nie. Aan die volgende geslag sal ons die roemryke dade van die Here vertel: van sy mag en die wonders wat Hy gedoen het."

**Oordenking:**

Erfenis begin by die stories wat ons rondom die kombuistafel vertel. God se getrouheid lê ingeweef in ons verlede, maar dit kry regtig waarde wanneer ons dit met die volgende geslag deel. Jou kinders en kleinkinders moet weet hoe God jou deur moeilike tye gedra het.

**? Vraag:**

Watter een verhaal van God se ingryping in jou lewe kan jy vandag vir iemand vertel?

**Gebed:**

Here, dankie vir U getrouheid deur die geslagte heen. Help my om oor U dade met vreugde te getuig. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Elke gesin het stories wat vertel wie ons is. Vertel vir mekaar van ’n moeilike of besondere tyd waarin julle gesien het dat God vir julle gesorg het. Wat wil julle hê moet die volgende geslag van daardie storie onthou?

# Dag 2:
# ’n Geloof wat Oorgeërf is

**Skrif:**
**2 Timoteus 1:5**
– “Ek dink steeds aan jou opregte geloof, daardie geloof wat eers in jou ouma Loïs, en in jou moeder Eunice was – en ek is oortuig dat dit ook in jou is."

**Oordenking:**

Timoteus se sterk geloof het nie in ’n vakuum ontstaan nie; dit is gevorm deur die voorbeeld van sy ma en ouma. Die manier hoe ons bid, hoe ons die Bybel lees en hoe ons met mense omgaan, laat ’n diep spoor agter. Wat jy vandag uitleef, word môre jou kinders se herinnering.

**? Vraag:**

Watter geestelike gewoonte van jou ouers of mentors is jy die dankbaarste voor?

**Gebed:**

Vader, maak my ’n lewende voorbeeld van U liefde vir diegene wat na my kom. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Dink aan iemand wat jou gewys het hoe geloof lyk. Dalk is dit ’n ouer, ouma en/of oupa, onderwyser of vriend. Wat het jy by daardie persoon geleer wat jy graag in julle gesin wil voortleef?

# Dag 3:
# Jou Eie Geloofstorie

**Skrif:**
**1 Petrus 3:15**
– *"inteendeel, eerbiedig Christus as Here in julle harte, altyd gereed om julle te verantwoord teenoor elkeen wat van julle rekenskap eis oor die hoop wat in julle leef."*

**Oordenking:**

Jy hoef nie 'n teoloog te wees om jou geloof te deel nie. Jou eie storie—hoe jy Jesus leer ken het en hoe Hy jou lewe verander het—is een van die kragtigste getuienisse wat jy kan gee. Dit is 'n unieke erfenis wat niemand anders kan vertel nie.

**? Vraag:**

As jy jou geloofstorie in drie sinne moes opsom, wat sou jy sê?

**Gebed:**

Here, gee my die moed om my storie van hoop vrymoedig met ander te deel. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Ons elkeen het 'n unieke storie met God. Vertel vir mekaar van 'n oomblik toe jy gevoel het dat God naby jou is. Onthou: jou storie hoef nie groot of dramaties te wees om belangrik te wees nie.

# Dag 4: Genade op die Pad

## Skrif:

**Klaagliedere 3:22-23**

*– "Dit is deur die troue liefde van die Here dat ons nie omgekom het nie, ja, sy ontferming ken geen einde nie. Dit is elke oggend weer nuut – groot is u getrouheid."*

## Oordenking:

As ons terugkyk na ons geskiedenis—persoonlik en as land—sien ons nie net sukses nie, maar ook foute en swaarkry. Tog is die goue draad deur alles God se genade. Ons erfenis is nie gebou op ons eie volmaaktheid nie, maar op God se onverdiende goedheid wat ons elke dag herstel.

## ? Vraag:

Waar in jou verlede kan jy duidelik sien dat God se genade jou gered het?

## Gebed:

Dankie, Here, dat U genade elke oggend nuut is oor my en my gesin. Amen.

## Gesinne Gesels:

Ons almal het al foute gemaak en almal het al genade nodig gehad. Vertel van 'n keer toe iemand jou vergewe of 'n tweede kans gegee het. Hoe kan ons as gesin 'n plek wees waar mense veilig is om foute te maak en weer te probeer?

# Dag 5:
# Die Fondament van Stilte

**Skrif:**
**Psalm 46:11**
*– "Bedaar en erken dat Ek God is..."*

## Oordenking:

In 'n wêreld wat altyd haastig en raserig is, is 'n stil gemoed 'n kosbare erfenis. Wanneer ons leer om voor God stil te word, wys ons vir ons gesinne waar ons ware anker lê. Ons wortels loop diep wanneer ons in Sy teenwoordigheid rus.

## ? Vraag:

Hoe kan jy vandag 10 minute van absolute stilte voor die Here deurbring?

## Gebed:

Here, maak stil die geraas in my gemoed sodat ek U stem kan hoor. Amen.

## Gesinne Gesels:

Ons wêreld is vol geraas - TV's, fone, boodskappe en besige programme. Hoe sal dit wees as julle vandag vir 'n minuut saam stil word en net bewus raak van God se teenwoordigheid?

# Dag 6: Russabbat

## Skrif:

Genesis 2:3

*– "God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak."*

## Oordenking:

Rus is nie 'n beloning vir werk nie; dit is 'n geloofsdaad. Dit sê: "Ek vertrou dat God die wêreld aan die gang hou, selfs wanneer ek my hande oplig." Om te rus is om 'n erfenis van vertroue en vreugde aan jou gesin.

## ? Vraag:

Hoe kan julle vandag as gesin of individu waarlik rus en God se goedheid geniet?

## Gebed:

Here, dankie vir die geskenk van rus. Leer my om te vertrou dat U in beheer is. Amen.

## Gesinne Gesels:

Rus beteken soms om op te hou doen en net saam te wees. Wat is iets wat julle as gesin kan los sodat julle vandag tyd het om saam te lag, te speel of God se goedheid te geniet?

# DIE KUNS VAN LIEFDE & OMGEE

## Week 2

7-13 September



# Dag 7:
# Geloof wat Werksaam word

**Skrif:**
**Galasiërs 5:6b**
– *"maar wel geloof wat deur liefde werksaam is."*

## Oordenking:

Geloof is nie net ’n stel oortuigings wat ons in ons koppe hou nie. Dit moet hande en voete kry. Die mooiste erfenis wat ons kan agterlaat, is ’n lewe wat gekenmerk word deur praktiese omgee vir die mense rondom ons.

## ? Vraag:

Watter klein daad van liefde kan jy vandag vir 'n vreemdeling of buurman doen?

## Gebed:

Here, wys my vandag waar my geloof in 'n praktiese daad van liefde kan verander. Amen.

## Gesinne Gesels:

Liefde is meer as iets wat ons sê. Dit is iets wat ons doen. As julle vandag saam een klein daad van liefde vir iemand anders kon doen, wie sou dit wees en wat sou julle doen?

# Dag 8:
# Sout en Lig

## Skrif:

Matteus 5:14

*– "Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie."*

## Oordenking:

As gelowiges in Suid-Afrika is ons nie geroep om in ons eie "veiligheidsones" te skuil nie. Ons is geroep om smaak te gee waar dinge verslaan is, en lig te bring waar daar donkerte is. Jou lig hoef nie groot te wees nie; dit moet net skyn waar jy is.

## ? Vraag:

Op watter plek in jou daaglikse omgewing het mense die meeste behoefte aan lig en hoop?

## Gebed:

Here, maak my vandag 'n ligdraer in my huis, skool, werksplek of gemeenskap. Amen.

## Gesinne Gesels:

Jesus sê ons is die lig vir die wêreld. Waar kan julle gesin hierdie week 'n bietjie lig bring - by die skool, werk, kerk, in julle straat of selfs vir iemand wat alleen voel?

# Dag 9:
# Sien met God se Oë

**Skrif:**
**1 Samuel 16:7b**
– *"Die mens kyk na wat hy sien,maar die Here kyk na die hart."*

## Oordenking:

Dit is maklik om mense te beoordeel op grond van hul agtergrond, taal of voorkoms. Maar ons geloofserfenis roep ons om verby die uiterlike te kyk en elke mens te sien as iemand wat na die beeld van God geskape is.

## ? Vraag:

Is daar iemand wat jy vinnig beoordeel het vir wie jy vandag met nuwe oë kan kyk?

## Gebed:

Vader, gee my U oë om elke mens wat my pad kruis met respek en liefde te sien. Amen.

## Gesinne Gesels:

Ons maak soms vinnig aannames oor mense wat anders as ons lyk, praat of leef. Dink aan iemand wat anders as julle is. Wat kan julle van daardie persoon leer as julle probeer om hom of haar met God se oë te sien?

# Dag 10:
# Die Krag van Gasvryheid

**Skrif:**
**Romeine 12:13**
– *"lê julle toe op gasvryheid."*

## Oordenking:

’n Oop deur en ’n warm bord kos kan lewens verander. Gasvryheid gaan nie oor luukse onthaal nie, maar oor die skep van ’n ruimte waar mense geliefd en aanvaar voel. Wanneer ons ons tafels oopstel, weerspieël ons God se oop hart.

## ? Vraag:

Wie kan jy hierdie week nooi vir 'n koppie koffie of 'n eenvoudige ete?

## Gebed:

Here, gebruik my huis en my tafel om U liefde en warmte aan ander te bedien. Amen.

## Gesinne Gesels:

Gasvryheid beteken nie dat jou huis perfek of jou kos besonders moet wees nie. Wie kan julle as gesin hierdie week aan julle tafel, vir koffie of selfs net vir ’n kuier verwelkom?

# Dag 11:
# Woorde wat Bou

**Skrif:**
Efesiërs 4:29
*– "Nie 'n enkele afbrekende woord moet uit julle mond kom nie, maar eerder 'n woord wat goed is vir noodsaaklike opbou, sodat dit voordeel mag bring vir diegene wat dit hoor."*

**Oordenking:**

Ons woorde het die krag om op te bou of af te breek. In ’n land waar baie mense moedeloos is, kan ’n enkele vriendelike of bemagtigende woord iemand se hele dag verander. Die woorde wat ons in ons huise gebruik, word die innerlike stem van ons kinders.

**? Vraag:**

Hoe kan jy vandag iemand bewustelik opbou met jou woorde?

**Gebed:**

Here, plaas ‘n wag voor my mond. Laat my woorde vandag lewe en bemoediging bring. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Woorde kan iemand se hart swaar maak of ligter maak. Gaan om die beurt en sê vir elke persoon in julle gesin iets wat jy in hom of haar waardeer.

# Dag 12:
# Omgee vir die Weerloses

**Skrif:**

**Jakobus 1:27**

*– "Dít is suiwer en onbesmette godsdiens voor ons God en Vader: om na weeskinders en weduwees om te sien in hulle ellende, en jouself onbesmet van die wêreld te hou."*

## Oordenking:

Die maatstaf van 'n gesonde gemeenskap is hoe sy haar swakstes behandel. Om as geroepenes in Suid-Afrika te leef, beteken dat ons nie verby die arm, eensaam of siek mens wandel nie. Omgee is die hartklop van die evangelie.

## ? Vraag:

Hoe kan jy of jou gesin betrokke raak by 'n projek wat die nood in julle buurt verlig?

## Gebed:

Jesus, breek my hart vir dit wat U hart breek. Leer my om om te gee. Amen.

## Gesinne Gesels:

Jesus leer ons om raak te sien wanneer iemand hulp nodig het. Wie is daar naby julle wat dalk alleen, arm, siek of kwesbaar is? Hoe kan julle as gesin hierdie week prakties omgee?

# Dag 13:
# Liefde sonder Voorwaardes

**Skrif:**
**1 Johannes 4:19**
*– "Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het."*

## Oordenking:

Ons het nie nodig om liefde te verdien nie; God het ons reeds lief. Wanneer ons vanuit hierdie volheid leef, word dit makliker om ander lief te hê—selfs diegene wat ons meen dit nie verdien nie of wat anders as ons dink.

## ? Vraag:

Wie is vir jou moeilik om lief te hê, en hoe kan jy vandag vir daardie persoon bid?

## Gebed:

Dankie Here vir U voorwaardelose liefde.
Vul my hart sodat dit na ander kan oorloop.
Amen.

## Gesinne Gesels:

Dit is maklik om lief te wees vir mense wat van ons hou, maar Jesus se liefde gaan verder. Is daar iemand met wie jy sukkel? Hoe kan julle as gesin vandag vir daardie persoon bid en liefde kies, selfs wanneer dit moeilik is?

# HOOP VIR DIE TOEKOMS

## Week 3

14-20 September



# Dag 14:
# Soek die Goeie vir die Land

### Skrif:
Jeremia 29:7

*– "Bevorder die voorspoed van die stad waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het, en bid tot die Here vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle."*

### Oordenking:
Waar God ons ookal geplaas het, is ons geroep om te bou, te plant en te bid vir voorspoed. Ons is nie passiewe toeskouers in Suid-Afrika nie; ons is geroep om aktief te werk aan die welstand van ons land en al sy mense.

### ? Vraag:
Wat is een ding wat jy vandag kan doen om jou direkte omgewing 'n beter plek te maak?

### Gebed:
Here, seën Suid-Afrika. Gee my die wil en die krag om te bou waar ek is. Amen.

### Gesinne Gesels:
Ons hoef nie te wag dat iemand anders Suid-Afrika ’n beter plek maak nie. Wat is een klein ding wat julle gesin hierdie week kan doen om julle straat, skool, werkplek of gemeenskap ’n bietjie beter te maak?

# Dag 15:
# Vervul met Hoop

**Skrif:**
**Romeine 15:13**
*– "Mag die God van hoop julle deur julle geloof met alle blydskap en vrede vervul, sodat julle hoop oorvloedig kan word deur die krag van die Heilige Gees."*

## Oordenking:

Hoop is nie 'n vae wens dat dinge beter sal gaan nie; dit is die vaste oortuiging dat God teenwoordig is en werk. As gelowiges dra ons 'n hoop wat nie afhang van die ekonomie of die nuus nie, maar van die Opgestane Jesus.

## ? Vraag:

Waar het jy toegelaat dat negatiewe nuus jou hoop steel, en hoe kan jy dit vandag vir God gee?

## Gebed:

God van hoop, vul my weer vandag met U vrede en vreugde. Amen.

## Gesinne Gesels:

Soms laat die nuus en dinge rondom ons ons moed verloor. Wat is iets waaroor julle bekommerd is en wat kan julle as gesin saam vir God gee? Deel daarna twee dinge waarvoor julle steeds hoopvol is.

# Dag 16:
# Die Taal van Hoop

**Skrif:**
**Spreuke 18:21**
*– "Dood en lewe is in die mag van die tong..."*

### Oordenking:

Wat hoor jou kinders of kollegas wanneer jy oor die toekoms praat? Praat jy met vrees en klagtes, of met geloof en hoop? Die taal wat ons praat vorm die ingesteldheid van die volgende geslag.

### ? Vraag:

Hoe kan jy jou gesprekke oor ons land se toekoms oorskakel van klagtes na gebed?

### Gebed:

Here, help my om 'n taal van hoop en geloof te praat in my huis en werksplek. Amen.

### Gesinne Gesels:

Noem iets waaroor julle maklik kla. Hoe kan julle dit vandag in 'n gebed van hoop verander?

# Dag 17:
# Bouers teenoor Brekers

### Skrif:
**Nehemia 2:18b**

*– "Hulle het gesê: “Ons sal gereedmaak en herbou.” So het hulle moed geskep vir die goeie werk."*

### Oordenking:

Nehemia het nie net geween oor die gebroke mure van Jerusalem nie; hy het sy moue opgerol en begin bou. Suid-Afrika het minder kritici en meer bouers nodig—mense wat probleme sien en kies om deel van die oplossing te wees.

### ? Vraag:

Is jy tans 'n bouer of 'n kritikus in jou gemeenskap of kerk?

### Gebed:

Here, maak my 'n bouer. Gee my die moed en hande om te help herstel waar dinge gebreek is. Amen.

### Gesinne Gesels:

Wat is een ding in julle huis, skool, buurt of gemeenskap wat beter kan wees? Wat kan julle as gesin doen om dit ’n bietjie beter te maak?

# Dag 18:
# Gebed as Erfenis

**Skrif:**
**1 Timoteus 2:1-2**
*– "Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee..."*

## Oordenking:

Een van die waardevolste dinge wat ons vir ons land en nageslag kan doen, is om te bid. Wanneer ons vir ons leiers, skole en gemeenskappe bid, erken ons dat ons hulp van die Here kom. Gebed verander nie net omstandighede nie; dit verander ons eie harte.

## ? Vraag:

Bid julle as gesin gereeld vir ons land se leiers en toekoms?

## Gebed:

Vader, ons bring Suid-Afrika voor U. Gee wysheid aan ons leiers en beskerm ons land. Amen.

## Gesinne Gesels:

Kies saam een persoon, een plek en een situasie waarvoor julle vandag wil bid. Kies verskillende persone hierdie 3 gebede te lei.

# Dag 19:
# Hoop wat nie Beskaam nie

**Skrif:**
**Romeine 5:5**
– *"En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is."*

## Oordenking:

Aardse planne kan misluk, maar God se beloftes staan vas. Wanneer ons ons hoop op God bou, word ons nie wankelmoedig wanneer storms kom nie. Hierdie standvastigheid is die beste anker wat ons aan ons kinders kan gee.

## ? Vraag:

Wat help jou om vas te staan wanneer omstandighede rondom jou onseker lyk?

## Gebed:

Dankie, Jesus, dat U my rots en my anker is.
Op U hoop ek. Amen.

## Gesinne Gesels:

Elkeen noem een ding waarop hy of sy hoop. Bid daarna saam: *“Here, ons plaas ons hoop in U.”*

# Dag 20:
# Rus in Sy Soewereiniteit

**Skrif:**
Psalm 47:3
– *"Want die Here, die Allerhoogste, is ontsagwekkend, 'n groot koning oor die hele aarde."*

## Oordenking:

Geen menslike leier of globale situasie is groter as God nie. Hy hou die geskiedenis en ons land in Sy hande. Wanneer ons dit besef, kan ons ophou om in paniek te leef en begin om in Sy vrede te wandel.

## ? Vraag:

Watter kommer oor die toekoms kan jy vandag bewustelik in God se hande gee?

## Gebed:

Here, U is Koning oor hierdie land. Ek rus vandag in U grootheid en beheer. Amen.

## Gesinne Gesels:

Elkeen noem een bekommernis oor die toekoms. Bid dit saam aan God oor en doen daarna iets lekker as gesin.

# ’N NALATENSKAP VIR GESLAGTE

## Week 4

21-30 September



# Dag 21:
# Prent Dit Hulle In

**Skrif:**
**Deuteronomium 6:6-7**
*– "Hierdie woorde wat ek vandag vir jou voorskryf, moet jy op die hart dra. Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daaroor wanneer jy in jou huis sit en wanneer jy op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan."*

## Oordenking:

Die oordra van geloof gebeur nie net op Sondae in die kerk nie. Dit gebeur wanneer ons stap, ry, eet en gaan slaap. Dit is in die alledaagse oomblikke waar kinders leer hoe geloof lyk.

## ? Vraag:

Watter klein geloofsgewoonte kan julle in julle alledaagse roetine inbou?

## Gebed:

Here, gee my die geduld en wysheid om U woorde daagliks in my kinders se harte te saai. Amen.

## Gesinne Gesels:

Kies een gewone oomblik in julle dag — etenstyd, motorrit of slaaptyd — en maak dit hierdie week julle “geloofsminuut”.

# Dag 22:
# Ware Skatte

## Skrif:

Matteus 6:19-20

*– "Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak nie....Maar maak vir julle skatte in die hemel bymekaar..."*

## Oordenking:

Die grootste erfenis wat ons kan agterlaat, is nie geld, grond of besittings nie. Dit is 'n karakter wat gevorm is deur Christus en 'n lewe van diensbaarheid. Aardse goed vergaan, maar 'n geestelike nalatenskap hou tot in ewigheid.

## ? Vraag:

Waaraan spandeer jy die meeste energie: aan aardse skatte of aan geestelike nalatenskap?

## Gebed:

Here, help my om te belê in dit wat ewigheidswaarde het. Amen.

## Gesinne Gesels:

As julle nie geld of besittings kon nalaat nie, wat is een ding wat julle graag vir die volgende geslag wil gee?

# Dag 23:
# Die Erfenis van Versoening

## Skrif:
**2 Korintiërs 5:18**

*– "En dit alles kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het, en aan ons die bediening van die versoening gegee het."*

## Oordenking:

As Christene in Suid-Afrika is ons geroep om agente van versoening te wees. Om mense te vergewe en brûe te bou tussen kulture en mense, is een van die mooiste erfenisse wat ons vir die nageslag kan agterlaat.

## ? Vraag:

Is daar 'n verhouding waarin jy vandag 'n brug van vergifnis of versoening kan bou?

## Gebed:

Here, maak my 'n instrument van U vrede en versoening in hierdie land. Amen.

## Gesinne Gesels:

Wat help mense om weer na mekaar toe te beweeg wanneer hulle seergekry het? Kies een “brug-bouer” wat julle hierdie week wil oefen.

# Dag 24:
# (Erfenisdag): Fees van Identiteit

**Skrif:**
1 Petrus 2:9
*"Julle, egter, is "'n uitverkore geslag", "'n koninklike priesterdom", "'n heilige nasie", "'n volk wat aan God behoort..."*

**Oordenking:**

Vandag vier ons ons kultuur, taal en erfenis. Dit is 'n waardevolle geskenk! Maar ons diepste identiteit lê nie in ons kultuur nie, maar in ons status as kinders van God. Ons eerste erfenis is ons plek in die koninkryk van God.

? **Vraag:**

Waarvoor is jy vandag dankbaar in jou kultuur, en hoe weerspieël dit God se goedheid?

**Gebed:**

Dankie, Here, vir my unieke agtergrond, maar bowenal dat ek U kind mag wees. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Deel iets uit julle familie se kultuur of geskiedenis waarvoor julle dankbaar is. Vra daarna: Wat kan ons waardeer in iemand anders se erfenis?

# Dag 25: Geloofsgewoontes wat Hou

## Skrif:

**Psalm 119:105**

*– "U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my lewenspad."*

## Oordenking:

Gewoontes vorm ons lewe. Om 'n erfenis van Bybellees en gebed agter te laat, moet ons dit self prioriteit maak. Wanneer kinders sien dat die Bybel ons daaglikse kompas is, sal hulle dit ook as húl kompas kies.

## ? Vraag:

Hoe kan die Bybel 'n meer praktiese rol speel in jul daaglikse besluitneming?

## Gebed:

Here, gee my 'n honger na U Woord en leer my om daarvolgens te leef. Amen.

## Gesinne Gesels:

Kies saam **een klein geloofsgewoonte** wat julle vir die volgende sewe dae gaan probeer volhou.

# Dag 26:
# Die Rol van Mentors en Grootouers

**Skrif:**
**Psalm 92:15**
*– "n die gryse ouderdom gedy hulle nog steeds; hulle is weelderig en blaarryk..."*

## Oordenking:

Ouer gelowiges dra 'n skatkis van wysheid en ervaring. Grootouers en mentors speel 'n onvervangbare rol om die fakkel van geloof aan die jeug oor te gee. Jou rol is nooit verby nie—jou gebede en raad dra steeds gewig.

## ? Vraag:

Hoe kan jy as ouer gelowige 'n jongmens bemoedig, of as jongmens wysheid by 'n ouer persoon soek?

## Gebed:

Here, seën ons ouer generasie met krag en wysheid om die fakkel aan te gee. Amen.

## Gesinne Gesels:

Kontak hierdie week 'n ouer persoon en vra: *"Wat is een ding wat jy oor geloof of die lewe geleer het wat jy graag aan ons wil oordra?"*

# Dag 27:
# Die Skepping as Erfenis

**Skrif:**
Genesis 2:15
*– "Die Here God het die mens geneem en hom in die tuin van Eden geplaas om dit te bewerk en op te pas."*

## Oordenking:

Deel van ons erfenis is hoe ons omgaan met die aarde wat God aan ons toevertrou het. Om die natuur te beskerm, skoon te hou en te versorg, is 'n daad van rentmeesterskap vir die geslagte wat na ons kom.

## ? Vraag:

Wat kan julle as gesin of gemeente doen om beter te sorg vir God se skepping?

## Gebed:

Here, leer my om 'n verantwoordelike rentmeester van U skepping te wees. Amen.

## Gesinne Gesels:

Gaan stap saam en kyk hoeveel dinge julle kan raaksien wat God gemaak het. Kies daarna een klein ding wat julle hierdie week kan doen om vir die skepping te sorg.

# Dag 28:
# Moed vir die Reis

**Skrif:**
**Josua 1:9**
*– "Het Ek jou nie beveel, 'Wees dapper en sterk' nie? Moenie paniekbevange wees nie en moet jou nie laat afskrik nie, want die Here jou God is by jou, oral waar jy gaan."*

**Oordenking:**

Om as gelowiges in 'n veranderende wêreld te leef vereis moed. Ons dra 'n erfenis van geloof wat nie terugdeins vir uitdagings nie, maar vorentoe beweeg in die seker wete dat God saam met ons is.

**? Vraag:**

Watter uitdaging in jou lewe vereis vandag dat jy met nuwe moed optree?

**Gebed:**

Here, neem my vrees weg en vul my met U moed en krag. Amen.

**Gesinne Gesels:**

Elkeen noem een ding waarvoor hy of sy tans moed nodig het. Bid daarna saam vir mekaar.

# Dag 29:
# Van Geslag tot Geslag

**Skrif:**
**Psalm 145:4**
*– "Geslag ná geslag roem u werke; u magtige dade maak hulle bekend."*

## Oordenking:

Die geloofspad is 'n aflosresies. Ons het die fakkel ontvang by diegene wat voor ons geloop het, en ons taak is om dit stewig aan die volgende geslag oor te gee. Laat ons toesien dat die vlam helder brand.

## ? Vraag:

Wat is die een belangrikste les wat jy aan jou nageslag wil oordra?

## Gebed:

Here, laat my lewe 'n helder fakkel wees wat U heerlikheid weerspieël. Amen.

## Gesinne Gesels:

Gaan om die beurt en voltooi die sin: *"Die een ding wat ek hoop ons gesin altyd sal onthou, is..."*

# Dag 30:
# Geroep vir 'n Tyd soos Hierdie

**Skrif:**
Ester 4:14b
– *"En wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?"*

**Oordenking:**

Jy is nie per ongeluk vandag in Suid-Afrika nie. God het vir jou, jou gesin en jou gemeente presies hier geplaas vir 'n doel. Ons sluit hierdie maand af met die wete: ons is geroep om geloof, hoop en liefde uit te leef—vandag, hier en vir die toekoms.

? **Vraag:**

Hoe gaan jy vanaf môre voortgaan om jou roeping as geloofsdraer uit te leef?

**Gebed:**

Here, dankie dat U my hier geplaas het.
Gebruik my lewe om U koninkryk te dien.
Amen.

**Gesinne Gesels:**

Elkeen noem een klein ding wat hy of sy vanaf môre anders wil doen om geloof, hoop of liefde uit te leef.

# Kontak Besonderhede

Algemene Sinode
Klipkerkkompleks,
h/v Jan Shoba en
Pretoriusstraat 1200
Hatfield,
0028

012 342 0092
Kantoorure
Maandae tot Donderdae
07:00-15:00
Vrydae
07:00-13:00

www.ngkerk.org.za
info@ngkerk.org.za
facebook.com/NGKerk
x.com/NGKerk
www.youtube.com/@ngkerk6274

